# Les 13 JESUS IS DIE CHRISTUS – HY IS DIE DINAMO

## 1. Jesus is self die Skepper van Hemel en aarde

Verlede keer het ons gesien dat Jesus al daar was voordat daar nog iets was soos gasse, vaste stowwe en vloeistowwe. Hy het al bestaan voordat enigiets wat al die laaste 4000 miljoen jaar geleef het, nog daar was, al is Hy vandag as mens maar nog net so ongeveer (2016) jaar oud.

Hoe kan dit wees? Kom ons kyk weer na Kol. 1 verse 15 tot 20:

*"[15] Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16] God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. [17] Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand."*

Kyk weer na vers 16! Deur wie het God alles geskep?

Dit is deur Jesus. Die laaste versdeel sê: *"Alles is deur Hom en vir Hom geskep."* Jesus het alles geskep en Hy het dit vir Homself geskep. Omdat Jesus alles wat die laaste 4000 miljoen jaar daar was en geleef het, geskep het – is Hy sélf, Jesus, die Skepper.

## 2. Die Skepper is Godself

Skep is baie anders as maak. Maak is wanneer jy iets vorm uit iets anders. Mense maak skilderye deur met verf op doek te skilder. Mense maak motors uit yster, rubber en plastiek. Mense maak huise uit stene, hout en materiaal.

Mense maak altyd iets deur iets te gebruik wat reeds bestaan.

God is heeltemal anders. Hy is die Skepper. Hy maak alles wat Hy maak, uit niks.

Alles wat julle sien wat God se handewerk is, het Hy uit niks gemaak. Lees gerus weer Gen.1! God sê maar net daar moet lig wees, dan is dit daar. Hy sê maar net daar moet gras en bome wees, dan is dit daar. Sommer so uit niks, net omdat Hy dit sê!

Paulus leer ons in Kol.1:16 dat dit Jesus sélf was wat in Gen.1 gesê het *"Laat daar lig wees."* Die persoon waarvan ons hoor in Gen. 1:1 *"In die begin het God die hemel en die aarde geskep"*, leer ons in Kol 1:16 – is Jesus self.

Daarom bestaan Hy al van altyd af, nog voor Hy 'n mens geword het. Want al is Hy 'n gewone mens in die Hemel vandag, is Hy van altyd af die Skepper van die Hemel en aarde.

## 3. Seun van God – beteken Jesus is self ook die Skepper

Ons moet altyd onthou dat Jesus as persoon twee Vaders het. Hy is Dawid en Abraham se afstammeling, 'n gewone mens. Maar Hy is nog van altyd af "Seun van God die Vader".

Hierdie is maar net die Bybel se manier om te sê dat Jesus van altyd af self die Skepper was. Ons moet onthou dat as ons lees Jesus is die "Seun" van God, beteken dit altyd – Hy is sélf die Skepper.

**4. Hoe het Jesus is die kamer gekom wat gesluit was?**

Ons het hierdie lesse begin met die vraag: "Hoe het Jesus in daardie vertrek ingekom waar die dissipels was?" Want onthou, Hy is 'n gewone mens van vleis en bloed, Hy is nie 'n gees of 'n spook nie. Hy kon inkom al was die deure gesluit en al was daar nie vensters nie!

Dit is om presies dieselfde rede dat Jesus mense kon gesond maak, dooies kon opwek, op die water kon loop, water in wyn kon verander, brood en visse kon vermeerder.

Want al is Hy net 'n gewone mens – is Hy ook terselfdertyd sélf die Skepper van Hemel en aarde. Met dieselfde krag en mag waarmee Jesus gesê het: "Laat daar lig wees", en dan was daar lig, het Hy in daardie kamer ingegaan.

Hy is God en Hy doen dit deur die krag van Sy Godheid, net soos Hy sommer gesê het "word gesond" en dan het blindes gesien, kreupeles weer geloop, stommes weer gepraat en dooies uit die graf opgestaan.

Jesus is vandag nog self die Skepper, en Hy is ook vandag nog mens in die Hemel.

Kom ons gebruik weer die ketelvoorbeeld om vir ons duidelik te maak wie Jesus vandag is!

Ons is ketels. Maar hoe kan ketels kook? Deur elektrisiteit! Maar waar kom al die elektrisiteit vandaan wat ons in die huis gebruik? Dit kom van ŉ baie ver plek af! Hoekom moet dit nou juis van ŉ ander, ver plek af kom? Want dit is waar die kragsentrale is!

Wat is daar binne-in 'n kragsentrale waardeur elektrisiteit opgewek word? Dit is die dinamo's.

Kom ons kuier 'n bietjie oor wat 'n dinamo is. 'n Dinamo bestaan vir een deel uit presies dieselfde as gewone ketels: koper, yster, rubber en plastiek.

Maar daar is iets in 'n dinamo wat glad nie in 'n ketel is nie. Dit is 'n magneet. Dit is die groot geheim van 'n dinamo. Dit bestaan uit alles waaruit elektriese dinge bestaan, behalwe vir die magneet.

Jesus is ons dinamo in die Hemel. Hy is nog steeds 'n gewone mens net soos ons, maar in Jesus as persoon is daar iets wat nooit in ons as persone sal of kan wees nie: Jesus is as persoon ook God.

Dit is net soos met ons as ketels. As 'n dinamo nie uit presies dieselfde materiaal gemaak is as ketels nie, sal dit nooit elektrisiteit na ketels kan deurgee nie. Daarom is Jesus ook mens net soos ons. Anders sal Hy nooit vir ons verlossing, redding en vergifnis kan opwek in God, wat na ons as mense kan vloei nie.

Maar ketels is nie klein dinamo's nie!

Omdat hulle nie 'n magneet in hulle het nie, is ketels heeltemal iets anders as dinamo's. Net so is Jesus as persoon iemand heeltemal anders as ons, omdat Hy as persoon nie net mens is nie, maar ook self die Skepper is.

Waar lees ons van hierdie andersheid van Jesus in Galasiërs?

Gaan kyk 'n bietjie by die huis wat word Jesus die hele tyd genoem – Hy word die hele tyd "Christus" genoem. Hierdie woord dui op sy andersheid as persoon. Hy is Christus, ons is nie klein Christusse nie. Ons kan ook nie probeer om soos Christus te wees nie.

**6. Hoekom kan ons nie probeer om klein Christusse, of om soos Christus te wees nie?**

Lees nou Galasiërs 3:24:

"*Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom,..."*

Jesus is nie die Wet nie, Hy is die Christus. As Jesus vir ons net 'n voorbeeld was van hoe ons moes leef of hoe ons moet probeer wees, dan was ons maar net nog mense wat probeer het om soos Jesus te leef en te probeer wees. Dit is maar net 'n ander manier om te sê ons moet maar volgens die Tien Gebooie leef.

Kom ons gebruik weer ons voorbeeld. Baie mense dink Jesus is maar net die beste en mooiste teepot. Ons moet dan almal dan maar net probeer om 'n teepot soos Jesus te wees.

Dit is glad nie hoe dit werk nie. Jesus is nie maar net nog 'n mooi teepot nie, net omdat Hy, soos ons, 'n gewone mens is nie.

Lees Galasiërs 3:20: *"Maar as daar net een is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God is net een."*

Paulus verduidelik dat die Tien Gebooie werk met tussengangers. Moses was so 'n tussenganger. Jou pa en ma is ook sulke tussengangers, net soos die polisie en die regters. Hulle is almal mense wat God se Wet toepas en kyk dat God se Wet nagekom word.

So as 'n mens volgens die Wet jou godsdiens wil beoefen, dan moet jy altyd iemand hê wat oor jou toesig hou en jou by die Wet hou. Maar Jesus is nie maar net so 'n tussenganger nie. Hy is die een wat hándel. Dit beteken 'doen'. Hy is God self. Dit maak Jesus die Christus. Omdat Hy mens en God is, kan Hy as God optree én doen wat 'n mens moet doen.

Daar is nie nog sulke persone nie. Net Jesus is so. Net Hy is die Christus: Hy is God én mens wat handel en wat doen.

**7. Wat is die werk van die Christus?**

Lees Gal. 4:4 en 5*: "*[4] *Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe* [5] *om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word."*

Hy is die enigste persoon wat ons van die Wet kan loskoop en kinders van God kan maak.

**8. Net Jesus is die dinamo**

Ons kan nie ook Christusse wees soos Jesus nie. Dink net hoe lekker simpel sal dit wees as 'n mens vir 'n ketel sê hy moet probeer om soos 'n dinamo te wees.

Dit kan nie! 'n Ketel is 'n ketel en 'n dinamo is 'n dinamo, al is hulle basies van dieselfde materiaal gemaak.

Dit is daardie magneet binne-in die dinamo wat die groot verskil maak. Ketels het nie so 'n magneet binne-in hulle nie, net dinamo's het. Jesus is die dinamo. Al is Hy as mens net soos ons, is daar in Hom as persoon iets wat nooit binne-in ons kan wees of mag wees nie: Hy is God.

In Hom as persoon is Hy God én mens. Nooit mag ons so probeer wees nie: mense met God binne-in hulle. Ons is ketels: mense met talénte binne-in hulle, nét Hy is dinamo: mens én God.

**9. Teepotte dink hulle is dinamo's: mense maak hulleself afgode vir ander!**

Net een persoon is God én mens vandag – Jesus. Daarom is Hy die Christus en niemand anders nie. Mense wat voorgee dat hulle mense is met God binne-in hulle, is nie klein Christusse nie. Hulle is mense wat van hulleself afgode vir ander mense gemaak het.

Ons is ketels! Wat is daar binne-in ons? Ons het talente binne-in ons waarmee ons God en ons naaste kan dien. Ons word met die Woord van God, ons koord, aan Jesus wat in die Hemel is, gekoppel sodat ons kan deel in die krag wat Hy vir ons in die hemel in God opwek. Hierdie verbondenheid met die Christus maak dat ons talente werk.

Hoe werk teepot-godsdiens?

Hulle wil nie God en hulle naaste met hulle talente dien nie. Hulle wil 'n prentjie van God vir mense wees, sodat jy God binne-in hulle moet soek en raaksien.

Wat dink teepotte is daar binne-in hulle? Hulle dink dat nes met Jesus, is God binne-in hulle! Omdat hulle 'n prentjie van God vir ander is, dink hulle hulle het God binne-in hulleself. Hulle dink hulle is klein Christusse: mense met God binne-in hulle!

Hulle dink hulle is ook dinamo's omdat hulle 'n prentjie van God op hulle ronddra en God in hulle lewe vir ander probeer sigbaar maak. Hulle dink hulle het ook, nes 'n dinamo – 'n magneet binne-in hulle!

Het ŉ teepot ŉ magneet binne-in hom omdat hy ŉ mooi prentjie aan sy buitekant het? Nee, teepotte het nie magnete binne-in hulle nie. Hulle word nie dinamo's omdat hulle mooi lyk nie. Daar is net een dinamo, en dit is die een in die kragsentrale. ŉ Teepot is binne leeg.

Dit moet ons ontdek – almal wat voorgee dat hulle God in hulle lewe vir ons sigbaar maak, het nie vir God binne-in hulle lewe nie. Binne-in hulleself is hulle leeg: hulle het nie God binne-in hulle nie, en hulle het ook nie meer talente waarmee hulle God en hulle naaste kan dien nie.

Hulle maak van hulleself afgode. Mense wat afgode is, is niks nie. Hulle is nie meer regtig mense nie, maar hulle is ook nie God nie.

Kom ons kyk na drie dele waarin die profete vir ons wys dat mense wat dink hulle wys God vir ander in hulle lewe,  binne leeg is. Hulle is teepotte terwyl hulle ketels moes wees, omdat hulle probeer om dinamo's te wees.

**Jesaja 41: Mense wat wys God is binne-in hulle, is vals**

*"28 Ek het gewag op 'n antwoord, maar nie een van die afgode het gereageer nie, nie een van hulle het 'n woord te sê gehad nie. Ek het hulle ondervra, maar niemand kon antwoord nie. 29 Hulle is almal vals, hulle kan niks doen nie, hulle beelde beteken niks, hulle kon net sowel nie daar gewees het nie."* (Jesaja 41)

ŉ Mens wat dink hy dra God binne-in homself – kan niks doen nie. Hy is nie ŉ dinamo nie, en Hy is ook nie ŉ ketel nie. Dit is nie belangrike mense nie. Hulle kon netsowel maar nie daar gewees het nie. Hulle kan niks oor God sê nie, want hulle is nie ingeskakel binne-in die Wet en die Evangelie nie.

Dit wat hulle met hulle lewe van God wil wys, is vals – Jesus is nie ŉ prentjie op ander mense se lewens nie. Hy is die dinamo in die Hemel wat vir ons krag opwek. Mense met prentjies van God op hulle, wek geen krag op nie. Hulle het nooit ŉ magneet binne-in hulle nie: hulle het nooit God binne-in hulleself nie. Hulle is net leë mense, leë teepotte.

**Jesaja 44: Mense wat Jesus uitbeeld in hulle lewe het van hulleself afgode gemaak**

*"9 Dié wat afgodsbeelde maak, is self almal niks; die dierbare gode van hulle kan nie help nie. Dié wat vir hulle moet getuig, kan nie sien nie, kan nie verstaan nie; dié wat sulke gode het, word teleurgestel. 10 Wie maak nou 'n god, giet 'n beeld wat nie kan help nie! 11 Almal wat so 'n god aanhang, word teleurgestel: dit is gode wat deur mense gemaak is. Wanneer dié wat hulle aanhang, bymekaarkom vir 'n beslissing, staan hulle verbyster en verleë 18 Sulke mense weet nie wat hulle doen nie, hulle het nie insig nie, hulle oë is toegepleister, hulle sien nie, niks dring tot hulle verstand deur nie."* (Jesaja  44)

Wat is mense wat Jesus vir ander mense probeer uitbeeld? Hierdie mense is nie spesiale Christene wat nader aan God is as ander Christene nie.

| |
|---|
| Mense wat Jesus uitbeeld, is mense wat van hulleself afgode gemaak het. |

Hulle noem hulleself wedergebore Christene, geesvervulde Christene, ware kinders van God en regte Christene. Omdat hulle dink God is binne-in hulle en hulle sal mense help om die krag van God in hulle lewe te kry.

Kan 'n teepot met sy mooi prentjie op sy buitekant 'n ketel help om krag in sy lewe te kry?

Dit kan nie! Maar die teepot dink dis hoe hy ketels gaan help. Hy gaan hulle leer om die krag van God te kry.

Dit is hoekom die profeet sê sulke mense help niks, hulle verstaan niks, en niks dring tot hulle verstand deur nie – hulle weet nie Christus is die enigste persoon wat God en mens is nie. Hulle dink nes Christus, het hulle God binne-in hulle lewe.

**Jeremia 2: Mense wat wys God is binne-in hulle – is niks**

*"5 So sê die Here: Waarin het Ek gefaal dat julle voorvaders van My af weggedraai het, dat hulle nikswerd afgode gedien het en so self niks geword het?"* (Jeremia 2)

Wat beteken 'n teepot vir 'n ketel?

Niks! Hulle kan nie self iets van binne doen nie en hulle is nie dinamo's nie. Ons beteken iets as ons God met ons talente wil dien, en by die enigste persoon wat God én mens is – Jesus Christus – ingeskakel is.

Ons moet ingeskakel wees by die enigste persoon wat God én mens is: Jesus Christus.

Alle ander mense wat glo en probeer wys God is binne-in hulle – is mense wat van hulleself afgode gemaak het.

Wat beteken hierdie mense vir ons? Hulle is niks. Hulle het nie God binne-in hulle nie. Hulle kan ons nie inskakel by God, of God se liefde na ons kant toe laat kom nie. Hulle is ook nie meer mense nie. Hulle het nie meer talente waarmee hulle God en hulle naaste wil dien nie. Jy kan vir niks mensliks op hierdie mense staatmaak nie.

Die enigste persoon wat God is en ook mens is – is Jesus Christus. Hy is ons dinamo, niemand anders nie.

**10. Volgende keer**

Volgende keer gaan ons kyk hoe werk 'n dinamo, en hoe verander dit die lewe van 'n ketel. Opdrag : Lees Gal. 3:13.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________

Handtekening: ouer of voog